IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552 / 082 561 0131
Faks: +27 (0) 12 664 2618 / 2318 of 086 641 6407
E-pos: hulpsentrums@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

IMPAK SE TUTOR EN HULPSENTRUMBELEID VIR 2011

Baie dankie dat u dit oorweeg om van Impak se produkte, dienste, kwalifikasies en onderwysplan in u tutorskap/hulpsentrum/skool gebruik te maak. Hierdie skrywe beskryf die werking van die hulpsentrumkonsep en sit die bepalings en vereistes t.o.v. die wettige en korrekte funksionering van sulke hulpsentrums uiteen.

Departementeel geregistreerde onafhanklike skole wat deur Impak gelisensieer word en tutorskappe wat deur voldoening aan hierdie beleid kwalifiseer vir lisensiëring, staan ook vir die doel van die onderstaande bespreking as hulpsentrums bekend.

Impak moet hoë standaarde en eise stel t.o.v. die gehalte van die produkte en dienste wat in sy naam aan Impak se kliënte in die hulpsentrums gelewer word. Die gehalte van die produkte en dienste wat in hulpsentrums afgelewer word kan deurslaggewend wees tot die kind se sukses of mislukking in die lewe.

Hulpsentrums word, nadat hulle aansoek om lisensiëring gedoen het, deur Impak se Uitvoerende Bestuur gelisensieer om Impak se produk, en dienste te gebruik slegs:

- indien die personeel en bestuur van die hulpsentrum deur 'n gevolmagtigde persoon van Impak opgelei is t.o.v. die aanwending van Impak se produk en dienste in die hulpsentrum en
- indien skriftelike bevestiging met stawende bewyse deur Impak se gevolmagtigde aan Impak se Uitvoerende Bestuur gelewer is dat die voorgenome hulpsentrum aan al die vereistes van hierdie beleidstuk voldoen.

1. **Daar is 'n behoefte vir hulpsentrums wat binne die raamwerk van die wet bedryf word!**
   Toenemend meer ouers besluit jaarliks om hulle eie kinders tuis te onderrig. Hierdie tendens veroorsaak 'n groeiende vraag na hulpsentrums wat aan, onder andere, die onderstaande behoeftes kan voldoen:

- Verantwoordelike ouers wat hul eie kinders tuis onderrig, verkies gewoonlik om in die beste belang van hulle kinders op te tree. Aangesien ouers nie noodwendig vakspesialiste op elke vakgebied is nie, is dit in die **beste belang** van die kind dat ouers by tye vakspesialiste se dienste inkoop, of by 'n bron van vakkundigheid uitkom ten einde hulle eie vakkundige leemtes aan te vul.

  Hulpsentrums kan sulke noodsaaklike bronne van vakkundigheid daarstel. Hulpsentrums kan ook tegnologiese bronne soos rekenaars, toegang tot internet en die internet klasse en ander noodsaaklike onderrig apparaat soos wetenskap apparaat en leesprogramme aan die tuisonderrig gemeenskap beskikbaar stel.

- Dit is Impak se opinie dat dit in die **beste belang** van die kind wat tuis leer is dat hy/sy by tye blootstelling aan groepwerk, groepsaktiwiteite, uitstappies en gesonde sosialisering ontvang. Hulpsentrums skep die ideale omgewing vir groepwerk en sosialisering.

- Deeglike eksterne monitering van vordering, evaluering en eksaminering van die kinders wat tuis onderrig ontvang, is volgens Impak se opinie in die **beste belang** van die kind, sodat verseker word dat die kind onderwys en opvoeding van die hoogste gehalte ontvang. Hulpsentrums kan ook dien as eksamen- en evalueringsentrums met die nodige fasiliteite en toesighouers. Dit kan bydra om die integriteit van Impak se eksamens en evalueringstelsel bo verdenking te plaas.

- Ouers moet soms weens siekte of boerdery- en besigheidsverpligtinge, of om watter grondige rede ook al, hulle kinders wat tuis leer, vir korter of langer tydperke alleen laat. Hierdie ouers het die behoefte dat hulle kinders tydens hulle afwesigheid in 'n dagsorgsentrum versorg word. Hulpsentrums kan dus ook die funksie van 'n dagsorgsentrum vervul.

2. Só kom hulpsentrums tot stand

Impak verkoop sy produkte, onderwysplan, vaksteundienste en evalueringsdienste aan ouers wat tuisonderwys bedryf. Dit staan hierdie ouers vry om plaaslik hande te vat en ’n onderlinge ondersteuningsgroep (hulpsentrum) te vestig. Hierdie groep kan van tyd tot tyd, soos hulle onderling mag bepaal, byeenkom. Tydens hierdie byeenkomste kan vakkundiges ingekoop word om die kinders in groepsverband in vakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Inligtingstegnologie en vele meer, touwys te maak. By sulke byeenkomste kan kinders ook onderrig word in musiek, sang, voordrag, skaak, en vele meer.

Onderwysers of entrepreneurs kan ook ’n hulpsentrum in ’n bepaalde gemeenskap oprig. So ’n hulpsentrum verskaf rugsteundienste soos vakkundige bronne, hulp en advies, evalueringsdienste, groepwerk en sosialiseringsaktiwiteite aan kinders ter ondersteuning van die ouers wat hulle eie kinders tuis onderrig.

3. Hulpsentrums word privaat besit, maar Impak het inspraak

Hulpsentrums behoort aan die eienaars en oprigters daarvan. Impak besit nie die hulpsentrums nie. Hulpsentrums moet egter op ’n jaar tot jaar grondslag deur Impak gelisensieer (jaarliks en nie oordraagbaar nie) word. Gelisensieerde hulpsentrums het die reg om van Impak se produkte, dienste en kwalifikasies gebruik te maak en om Impak se kliente in die sentrum te bedien. Hulpsentrums stel hulle eie bestuur, beleid en etos saam. Hulle bepaal hoe hulle hulself wil struktureer en welke personeel hulle wil aanstel of inkoop. Impak verskaf graag sy produkte en dienste aan enige groep of hulpsentrum ongeag die groep of hulpsentrum se godsdienstige- en politieke voorkeure.

Impak het slegs beheer en seggenskap t.o.v. die **gebruik** van Impak se **produkte, dienste en kwalifikasies** wat deur die hulpsentrum gehuur word. Ouers is self verantwoordelik vir die etos, onderrigstandaard, integriteit, openbare beeld en goeie bestuurspraktyke in hul hulpsentrum. Impak aanvaar geen verantwoordelikheid vir die wyse waarop die hulpsentrum bestuur word nie. Hierdie verantwoordelikheid berus by die ouers wat kies om van die dienste wat ’n hulpsentrum aanbied gebruik te maak.

Hulpsentrums wat die Impakproduk en -dienste huur, kan by tye aan inspeksie en evaluering onderwerp word om die beste aanwending van Impak se produk en dienste te verseker. Enige hulpsentrum wat Impak se naam, produk, dienste of kwalifikasies misbruik, of wanvoorstellings daaroor maak of bedrog pleeg, se ouergemeenskap mag dienooreenkomstig ingelig word. Indien daar nie daadwerklike verbetering en regstelling plaasvind nie, behou Impak hom die reg voor om die Pestalozzi Trust te versoek om as arbiter tot die geskil toe te tree. Indien die arbiter in Impak se guns beslis, hou Impak die reg voor om die huurkontrak vir Impak se produk, diens en kwalifikasies op te skort, die gehuurde produk terug te neem en om die redes vir die opskorting van die huurkontrak aan al Impak se kliënte wat ook aan die hulpsentrum verbonde is bekend te maak.

Indien Impak sy huurkontrak met ’n hulpsentrum opskort, kan Impak voortgaan om vir die betrokke jaar die ingeskrewe Impakkliënte in die hulpsentrum teen die gekwoteerde hulpsentrumprys te diens. Impak behou hom egter die reg voor om enige kostes wat die stap vir òf Impak òf die kliënt mag meebring van die hulpsentrum se eienaars te verhaal.

4. Ouers is verantwoordelik vir onderwys

Hulpsentrums, dagsorgsentrums, fasiliteerders en inkoop-leerkragte vervang beslis nie die ouer se verantwoordelikheid as primêre onderwysverskaffer aan hulle eie kinders nie! Die onderrig- en opvoedingstyd wat ouers bedags aan hulle eie kinders bestee (voorgestel +/- 60%), moet langer wees as die tyd wat ’n kind hulp in ’n hulpsentrum (voorgestel +/- 40%),) sou ontvang.

Sodra ’n hulpsentrum egter die onderwystaak en verantwoordelikheid t.o.v. die onderwys van die kind by die ouers oorneem, is so ’n hulpsentrum nie meer ’n bona fide hulpsentrum nie en moet so ’n hulpsentrum aansoek doen om registrasie as ’n onafhanklike skool in gevolge en ooreenstemming met die grondwet van die RSA asook die bepalings van die Nasionale Skole Wet en enige regulasies wat in harmonie is met die grondwet.

5. Voorwaardes vir die wettige bedryf van hulpsentrums en vir die gebruik van Impak se naam, produkte en dienste in die sentrums

a. Die aansoek om lisensiëring word deur die eienaar/s van die beoogde hulpsentrum aan Impak se Uitvoerende Bestuur gerig. Indien Impak se Uitvoerende Bestuur die aansoek, na oorweging, sou goedkeur, kom ’n bindende en afdwingbare kontrak tussen Impak Onderwysdiens BK en die wettige hulpsentrumeienaar/s tot stand.

Sou 'n gelisensieerde hulpsentrum van eienaars verwissel, moet die nuwe eienaars van voor af weer 'n aansoek om lisensiëring indien. 'n Nuwe en bindende kontrak sal, nadat Impak se Uitvoerende Bestuur die nuwe eienaars se aansoek om lisensiëring oorweeg en goedgekeur het, tot stand kom.

b. Bo en behalwe dat die hulpsentrum formeel by Impak gelisensieer moet wees, moet ouers ook individueel en persoonlik per voltooide, getekende Impak-kontrak met Impak kontrak sluit en alle gelde wat volgens die kontrak aan Impak betaalbaar is direk in Impak se rekening deponeer. Die kontrak dien as bewys daarvan dat die ouers persoonlik by 'n verantwoordelike diensverskaffer ingeskakel is en dus besig is met tuisonderrig. Ouers teken die kontrak met Impak persoonlik.
c. Elke ouer moet beheer en volle verantwoordelikheid neem vir hulle eie kinders se onderrig en opvoeding. Beheer en verantwoordelikheid mag nie gedelegeer word nie.
d. Ouers is egter verplig om ten alle tye in die beste belang van hulle kinders op te tree en om toe te sien dat hulle kinders onderrig van 'n standaard nie minder as dié in openbare skole ontvang nie. Dit kan dus in die beste belang van die kind wees dat die ouer toesien dat die kind by tye onderrighulp ontvang in die vakke waarin die ouer nie onderlê is nie. Dit kan ook in die beste belang van die kind wees dat die kind, by tye, gesonde blootstelling aan maats, portuurgroep, sport en kulturele aktiwiteite ontvang. Ouers mag dus van tyd tot tyd van buitepersone en -instansies se hulp gebruik maak ten einde hulle te bemagtig om suksesvol en binne die wetsvoorskrifte hul eie kinders tuis te onderrig.
e. Geen ouer wat sy/haar kind tuis onderrig mag sy/haar kind in 'n skool of koshuis plaas en voorgee dat hulle besig is met tuisskoling nie. Ouers mag wel van ondersteuningsgroepe, dagsorg- of hulpsentrums en van individue se dienste, selfs af en toe van beperkte oorslaap dienste gebruik maak ten einde waarde tot tuisonderrig te voeg en die beste belang van die kind te dien.
f. Wanneer ouers van 'n hulpsentrum of individu se steundienste gebruik maak, moet die ouers 'n dokument opstel en onderteken waarin die ouers duidelik vermeld dat die ouers volle beheer en verantwoordelikheid vir hulle eie kinders se onderrig aanvaar en dat die hulpsentrum of individu se dienste by tye benut word ten einde die ouers se leemtes aan te vul en om te verseker dat die beste belang van die kind te alle tye gedien word i.t.v. akademie en sosialisering.
g. Wanneer die ouers die dienste van 'n dagsorg- of hulpsentrum benut, neem die ouers verantwoordelikheid en beheer vir hulle eie kind se betrokkenheid by daardie hulpsentrum, d.w.s. die ouers gee skriftelik instruksie aan die hulpsentrum se fasiliteerder t.o.v. wat die kind tydens die hulpsentrumsessie moet bereik. Die ouers doen ook self agterna kontrole om te bepaal of die kind na wense gevorder het en of die beste belang van die kind tydens die hulpsentrumsessie gedien is.
h. Leerlinge mag nie vir 'n langer tydperk aan die hulpsentrum blootgestel wees as wat hulle aan die ouerhuis en ouersorg blootgestel word nie (voorgestelde 60/40 verdeling).
i. Impak is vir die aanvra en berging van die kinders se profielkaarte verantwoordelik (indien die ouers dit verkies en hulle Impak uitdruklik skriftelik versoek om dit te doen) en ook vir die monitering van die leerders se vordering en ook vir die uitreiking van toetse, eksamens, ens., ten einde aan die ouer 'n aanduiding te gee van die kind se vordering.

Kinders wat tuis leer, mag ekstra lesse in enige akademiese vak, buite die grense van die ouerhuis, ontvang. Hierdie kinders mag buite die grense van die ouerhuis musiek-, kuns-, kulturele-, sportopleiding, ens. ontvang. Hulle mag ook buite die grense van hulle ouerhuis by maats gaan kuier of aan avontuurkampe en opvoedkundige geleenthede, aktiwiteite en uitstappies deelneem. Maar die volle verantwoordelikheid en beheer oor die kind se doen en late berus by die wettige ouers en voogde.

Hulpsentrums mag leerders wat tuis leer, by tye ondersteun t.o.v. ekstra lesse, sport- en kultuuraktiwiteite. Hulpsentrums is nie skole nie en neem derhalwe geen verantwoordelikheid hoegenaamd vir enige leerder aan wie 'n diens verskaf word nie. Die ouers is ten volle in beheer, verantwoordelik en aanspreeklik vir hulle eie kinders.

Hulpsentrums neem geen register van teenwoordigheid nie, dit is die ouers se verantwoordelikheid. Hulpsentrums mag egter 'n kliëntelys aanhou ter wille van administratiewe en finansiële bestuur. Hulpsentrums lewer 'n diens aan die kinders volgens die skriftelike instruksies van die ouers. Ouers kan tipies, gedurende sekere dae van die week of weke van die maand, hoe ook al die behoefte mag wees, hul kinders na die ondersteuningsgroep of hulpsentrum stuur vir ekstra lesse of sosialiseringsaktiwiteite of beide.

6. Juridiese beskerming

Impak en die Pestalozzi Trust het ooreengekom dat die Pestalozzi Trust hul juridiese beskerming vanaf slegs bona fide tuisskole sal uitbrei om al die gelisensieerde hulpsentrums

en die gesinne betrokke by die hulpsentrums, in te sluit. Ten einde hierdie beskerming te geniet het Impak en die Pestalozzi Trust oor spesiale lidmaatskapfooie ooreengekom. Hierdie tarief is reeds by Impak se tariewe ingesluit en word nie addisioneel gehef nie.

Die Pestalozzi Trust, onder voorsitterskap van mnr. Leendert van Oostrum, wend die lidmaatskapfooie aan om enige hofaksie wat nodig mag wees om hulpsentrums en ouers se regte te beskerm, volledig te finansier. Hulpsentrums en hulpsentrumouers mag met geruste hart fokus op die goeie onderrig van die leerder. Dit is belangrik om daarop te let dat ouers die verantwoordelikheid het om seker te maak dat die hulpsentrum die wette, regulasies, regsreëls en voorwaardes soos bo uiteengesit, eerbiedig.

7. Só werk Impak se aanbevole (nie voorskriftelik nie) onderwysplan in hulpsentrums

In die praktyk gebeur dit dat die hulpsentrum soms deur ’n hele aantal leerders gelyktydig besoek word, of dat die hulpsentrum soms as dagsorgsentrum moet funksioneer. Hieronder word aandag geskenk aan hoe die fasiliteerders ’n groot aantal leerders gelyktydig in een lokaal kan hanteer.

Impak beveel aan dat hulpsentrums aan die hand van die beginsel van geïndividualiseerde onderrig funksioneer. Geïndividualiseerde onderrig behels ’n klemverskuiwing van ’n situasie waar die leerder deur ’n onderwyser onderrig word na ’n situasie van selfwerksaamheid. Dit is waar die leerder deur ’n fasiliteerder begelei word om self te ontdek, te leer en uitdagings te hanteer. Hierdie konsep maak daarvoor voorsiening dat leerders teen hulle eie tyd en tempo kan vorder. Leerders wat vroeër ontwikkel, vinnig werk en op uitdagings floreer, kan in staat wees om ’n graad in minder as ’n jaar te voltooi. Stadiger leerders mag selfs langer as ’n jaar neem om ’n graad te voltooi.

Geïndividualiseerde onderwys word só gestruktureer en aangebied dat twee persone waarvan een ’n onderwyskundige en een ’n hulp is, in staat gestel word om met gemak tot 30 leerders van uiteenlopende grade suksesvol te hanteer. Hierdie personeel is nie noodwendig vakkundiges nie, maar is opvoeders wat as fasiliteerders en begeleiers optree. Hulle bestuur die onderwys situasie en begelei die kind om self te ontdek, self te leer, self verantwoordelikheid te neem en uitdagings die hoof te bied. Hierdie tipe onderwys word moontlik gemaak deur die gehalte van Impak se lesmateriaal, die feit dat elke les werklik op die kind se vlak tot die kind spreek en selfverduidelikend is.

Voorts word elke les of groep lesse afgesluit met ’n oopboektoets. Leerders kan nie die volgende les of lesfase aanpak sonder dat hulle d.m.v. die oopboektoetse kon bewys dat hulle die vorige werk bemeester het nie. Die fasiliteerder ontvang ook sterk leiding en rugsteun van Impak (t.o.v. wat tuisonderwys behels, hoe om ouers wat tuisonderwys bedryf te ondersteun, hoe kinders leer, hoe om met Impak se produk en dienste te handel, hoe om assessering te doen, hoe om kinders te begelei t.o.v. vak en beroepskeuse en kwalifikasies wat by die keuses inpas en vele meer) wat dit moontlik maak om sy/haar rol van onderwyser na begeleier aan te pas.

Die fasiliteerder en hulpfasiliteerder se hand word gesterk en aangevul deur vakkundiges vanuit die gemeenskap wat volgens die konsep van inkooptyd gehuur kan word om klasse aan te bied, of deur in die hulpsentrum van videoklasse gebruik te maak. So kan ’n Wiskunde-, Fisiese Wetenskap-, Musiekonderwyser of wie ook al, vir drie of vier ure elk per week gehuur word, of daar kan van die videolesse gebruik gemaak word. Die konsep van inkoop onderwys en videolesse maak dit moontlik om gehalte onderwys oor ’n breë vakspektrum ekonomies aan te bied.

Geïndividualiseerde onderwys behels die beginsel dat ouers en leerders, in samewerking met die fasiliteerder, weekliks realistiese en meetbare vorderingsdoelwitte opstel. Die doelwitte moet ’n kind deurentyd uitdaag tot akademiese vordering en geestelike groei. Leerders wat hul doelwitte bereik moet deeglik en gepas beloon word. Goeie gedrag, dissipline, hulpvaardigheid, offervaardigheid en pligsgetrouheid moet beloon word. Beloning kan in vele vorme geskied, bv. punte, langer pouses, meriete beurse, uitstappies, spesiale voorregte, ens. Leerders wat lyf wegsteek of moedswillige wangedrag openbaar, word in liefde skerp betig en verbeur bepaalde voorregte. Leerders wat nie reageer op korrektiewe behandeling nie, word gevra om die hulpsentrums te verlaat.

Leerders en ouers wat hulle neerlê by die aard, gesag, dissipline en ordereëls van hulpsentrums is welkom. Afwykings hiervan kan nie geduld word nie.

8. Voorbereidings wat getref moet word voordat ’n “aansoek om lisensiëring” deur Impak se Uitvoerende Bestuur oorweeg sal word

a. Indien u oortuig is dat u graag ’n hulpsentrum tot stand wil bring is u eerste stap om Impak u plek by een van Impak se sentrumopleidingseminare te boek. Tydens die opleidingseminaar gaan die volgende aspekte in diepte hanteer word:
   - Hulpsentrums en die wet

- Die korrekte prosedure by die oprig van 'n hulpsentrum
- Hulpsentrums se administrasie en dokumentasie
- Hulpsentrums en kommunikasie
- Hulpsentrums en Impak se onderwysmodel
- Hulpsentrums en die gebruik van Impak se produk en dienste
- Hulpsentrums en die hantering van ouers en kinders
- Hulpsentrums en psigometriese toetsing
- Hulpsentrums as eksamensentrums
- Hulpsentrums en bemarking.

Na voltooiing van die opleiding volg u die res van die onderstaande voorbereiding.

b. Verkry en vergewis uself baie deeglik van die bepalings van die Nasionale Skolewet, veral artikels 3, 4 en 51, wat betrekking het op tuisonderrig. U voornemende hulpsentrum mag nie so gestruktureer of bedryf word dat die bepalings van die wet oortree word nie.
c. Die Bestuur van die hulpsentrum moet 'n volledige besigheidsplan opstel wat onder andere 'n S.W.O.T. analise (Strengths, weaknesses, opportunities, threats) bevat en waarin uiteengesit word hoe die hulpsentrum administratief, finansieel
en onderwyskundig bestuur gaan word. Die hulpsentrum se werkwyse om aan die wetsvereistes, die bepalings van hierdie beleid en die vereistes van die Pestalozzi Trust te voldoen moet deeglik uiteengesit word tesame met alle stawende dokumentasie. So 'n besigheidsplan moet ook die hulpsentrum se doelstellings, etos, reglement van orde, begroting, markpotensiaal, perseelplan, personeelbeplanning, jaarprogram, sosialiseringsprogram en hulpsentrumdokumentasie insluit. Maak gerus ruim gebruik van reeds gevestigde sentrums se dokumentasie. Hierdie besigheidsplan moet u aansoek om lisensiëring vergesel.
d. Die perseel moet 'n aangename en professionele leerruimte skep, genoegsame media moet aangeskaf word, voldoende en gepaste onderrigapparaat soos bv. legkaarte, TV met video, ens. moet in plek gestel wees. Rekenaars met internetkoppeling asook 'n kluis en kopieerder is noodsaaklike gereedskapstukke om suksesvolle hulp en steun aan deelnemende ouers te verseker.
e. Verkry, indien nodig, toestemming van die plaaslike owerhede vir die bedryf van die onderneming.
f. Kry die besigheidsvorm, bestuurstrukture, finansiële reëlings en bankrekening in plek.
g. Verkry ondersteuning vir die gedagte van 'n trustfonds waartoe gemeenskapslede kan bydra en waaruit merietebeurse aan verdienstelike kinders toegeken kan word.
h. Voltooi die aansoekvorm om as 'n hulpsentrum gelisensieer te word.
i. Stuur die aansoekvorm om lisensiëring en besigheidsplan tesame met 1/3de van die huurgelde aan Impak se Uitvoerende Bestuur of dié se gevolmagtigde.
j. Impak sal u aansoek oorweeg en u afspraak om 'n sentrumopleidingseminaar by te woon aanteken Bywoning van die opleidingseminaar is noodsaaklik maak vir die afhandeling van lisensiëring.
k. Nadat die opleiding geskied het en Impak se Uitvoerende Bestuur tevrede is dat alle vereistes na behore nagekom is, kan Impak die aansoek goedkeur en u lisensiesertifikaat uitreik.
l. Na uitreiking van u lisensiesertifikaat, kan u die nodige kliënte-inskrywingskontrakte, ens. by die hoofkantoor aanvra.
m. Voornemende hulpsentrumouers/-voogde moet van sowel Impak se kliënte-inligting en inskrywingskontrak asook Impak se hulpsentrumbeleid voorsien word.
n. Voornemende hulpsentrumouers/-voogde moet self Impak se inskrywingskontrak voltooi met hulle persoonlike inligting en kontakbesonderhede en eie handtekening.
o. Maak seker/kontroleer dat beide Impak en die hulpsentrum se inskrywingskontrak volledig en korrek deur die ouers voltooi en onderteken word. Stel nou 'n kliëntelys vir uself en vir Impak op.
p. Bind Impak se volledige en korrek voltooide inskrywingskontrakte tesame met afskrifte van die hulpsentrum se inskrywingsvorms en van die vrywaringsvorms saam en stuur dit saam met die kliëntelys aan Impak se Uitvoerende Bestuur of dié se gevolmagtigde.
q. Impak sal by ontvangs van die korrek en volledig voltooide en getekende inskrywingsvorms, vergesel van die kliënte se ID en intreefooie (sien die kostetabel) die standaard hulpsentrum pakket voorberei en aan u per geregistreerde pos of metode van u keuse en op u koste, versend.
r. Kontroleer dadelik by ontvangs van die pakket, in die pos of per koerier, die inhoud daarvan met die daarby ingeslote kontrolevorm (en u faktuur). Indien u oortuig daarvan is dat die inhoud van die pakket nie met die meegaande kontrolevorm ooreenstem nie, moet u binne **5 dae** na ontvangs van u pakket die probleem by Impak se Uitvoerende Bestuur of dié se gevolmagtigde aanmeld. **Versuim om so 'n probleem betyds aan te meld sal meebring dat die hulpsentrum enige en alle koste, ten einde die probleem reg te stel, gaan betaal.**
s. Maak seker dat daar genoegsame Impak lesvoorraad, DVD's, toetse, ouergidse, ens. voorhande is om met gemoedsrus die jaar af te skop.

t. Oorweeg die dienste van minstens een ervare onderwyseres wat grade 0 tot 3 kan hanteer en die van 'n bekwame en betroubare onderwyser/es wat as fasiliteerder vir graad 4 tot 12 kan optree.
u. Verkry die verbintenis van ouers wat op gereelde basis as hulpfasiliteerders sal optree en beding met onderwyskundiges om op inkoopbasis met vakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Musiek, ens. behulpsaam te wees.
v. Doen die finale personeel aanstellings nadat al bostaande voorbereiding getref is, die hulpsentrum lisensiëring afgehandel is en die beoogde personeel, medewerkers en bestuur na behore opgelei is.
w. Nadat die hulpsentrumlisensiëring, besigheidsplan, perseel en personeel in plek is en u seker is van ondersteuning vanuit u gemeenskap, plaas 'n advertensie in u plaaslike koerant (voorbeeld verkrygbaar by hoofkantoor) en reël 'n vergadering waartydens u en Impak se verteenwoordiger (reël met die Algemene Bestuurder) die aanwesiges voorlig t.o.v. die beoogde hulpsentrum.

Verdere vereistes vir behoud van lisensie

a. Enige evaluering wat in die hulpsentrum behartig word, moet onder bekwame toesig geskied en die resultaat van die evaluering moet 'n ware en getroue produk van die leerder se eie werk wees.
b. Die hulpsentrum moet alle kommunikasie vanaf Impak na die hulpsentrum aan die ouers deurgee. Versuim hiervan kan lei tot opskorting van die huurkontrak van die hulpsentrum.
c. Impak behou die reg voor om te enige tyd met hulpsentrum ouers te kommunikeer aangesien elke gesin by die hulpsentrum in 'n kontraktuele verhouding met Impak staan en Impak se kliente is.
d. Hulpsentrumbestuur behoort toe te sien dat die fasiliteerders, van wie verwag word om sedebewakers te wees en die voorbeeld van behoorlike gedrag te stel, ten alle tye, in hulle taalgebruik, kleredrag, sedes, ens. aan die hulpsentrum se etos voldoen.
e. Geen hulpsentrum sal as hulpsentrum erken word indien daar na een jaar sedert die oprigting van die hulpsentrum, minder as 5 gesinne aan die hulpsentrum aktiwiteite deelneem nie.
f. Hulpsentrum eienaars moet toesien dat alle bepalings van hierdie dokument en die bepalings soos vervat in die "Aansoek om lisensiëring as hulpsentrum wat van Impak se produkte, dienste en kwalifikasies gebruik maak vir 2011" nagekom word.

9. Mededinging

Indien sentrum eienaars, om welke rede ook al, besluit om op te hou om 'n gelisensieerde hulpsentrum te wees, mag die eienaars nie vir 'n tydperk van 24 maande binne 'n radius van 10 km 'n soortgelyke hulpsentrum vir primêre of sekondêre onderrig, hetsy privaat of vir 'n ander diensverskaffer oprig nie.

Die hulpsentrum eienaars wat besluit om bande met Impak te beëindig mag nie Impak se kliënte wat per kontrak van Impak se produk en dienste gebruik maak weglok na 'n ander onderwysstelsel nie.

Hulpsentrum eienaars mag geensins na onttrekking uit Impak enige inligting, kundigheid, produkte of dienste wat vanaf Impak gehuur is, vir eie of ander instansies se ekonomiese belang benut nie. Alle Impakprodukte en -dienste, ook kopieë daarvan, moet aan Impak terug besorg word.

10. Gebiedsbeskerming

Slegs die hulpsentrums wat voor Oktober 2009 gebiedsbeskerming ontvang het, behou hulle regte en voorregte in die gebied wat aan hul toegestaan was, op voorwaarde dat hulle steeds die jaarlikse betaling van R6000, waar van toepassing, sal doen.

11. Produk, dienste en tariewe vir 2011

- Hulpsentrums betaal vir 2011 geen lisensiegelde nie.
- Hulpsentrums huur die handleidings, DVD's, antwoordboeke (memoboeke) en ouerigidse wat die hulpsentrum eienaars/fasiliteerders nodig het op 'n jaar-tot-jaar grondslag teen die tariewe wat verder aan gelys word.
- Die gehuurde produk moet aan die einde van die jaar aan Impak terug besorg word, waarna 'n nuwe huurtransaksie vir die volgende jaar tussen Impak en die hulpsentrum gesluit kan word.
- Kliënte wat van hulpsentrums gebruik maak, koop hulle produk (handleidings en DVD's) teen 'n afslag van ongeveer 22% van die normale prys by Impak aan en sluit met Impak 'n afsonderlike kontrak.
- Hulpsentrums ontvang ongeveer 8% kommissie vanaf Impak vir elke ingeskrewe Hulpsentrumleerling wat hul produk by Impak gekoop en dit ten volle betaal het.
- Indien 'n gelisensieerde hulpsentrum kanselleer, onttrek of ophou om as hulpsentrum te bestaan, moet alle Impakprodukte of kopieë daarvan onmiddellik aan Impak terugbesorg word. Enige gebruik van Impak se produk, in enige formaat, nadat die verhouding tussen so 'n hulpsentrum en Impak beëindig is, is onregmatig. Impak behou die reg voor om die nodige regstappe teen oortreders te neem.

Hulpsentrums huur handleidings, memorandumboeke en ouergidse in hardekopie met DVD's, waar van toepassing, teen:

- R0.49c per A4 bladsy, een kant gedruk, pos en verpakkingskoste uitgesluit.
- Geen kopie van Impak se produkte mag sonder skriftelike toestemming gemaak word nie.
- Indien u die huurgeld wil afbetaal word rente van 12% per jaar gehef.
- 6 Plakkate, wat aan die Hulpsentrum 'n unieke Impak karakter verleen moet teen R100 stuk by Impak aangekoop word.
- Gebruik in alle gevalle Impak se gekwoteerde tariewe soos uiteengesit in Impak se inligtingsbrosjure vir 2011 wanneer pryse aan gesinne gekwoteer word.

Gelisensieerde hulpsentrums is geregtig op die volgende:

a. "Sertifikaat van lisensiëring" van sentrum by Impak.
b. Impak se maandelikse nuusbriewe en kwartaallikse nuusblad.
c. Ontvang juridiese beskerming vir die sentrum by die Pestalozzi Trust.
d. Ontvang kredietwaardige Impak toetse en eksamens en memorandums.
e. Ontvang kredietwaardige Impak rapporte en verslagdoening van leerdervordering.
f. Vakouteursdienste (vakhulp en nasien van eindeksamens, mits dit binne die nasienvenster geskied).
g. Bywoning van avontuurkampe, die winter-en afrondingskool teen R70 per dag/nag of gedeelte daarvan. Die prys sluit die kursuskoste (behalwe in geval van praktiese en tegniese vakke waar ouers apparaat en materiaal moet voorsien), verblyf en etes in. Ouers moet net die vervoerkoste van en na hierdie byeenkomste dra.
h. BTW binne die grense van Suid-Afrika.

Ouers verbonde aan gelisensieerde hulpsentrums is op die volgende geregtig:

1. Professioneel gedrukte handleidings/handboeke vir elke vak waarvoor die leerder ingeskryf is
2. DVD's vir die vakke waarvoor DVD's beskikbaar is.
3. Juridiese beskerming by die Pestalozzi Trust.
4. Die reg om hulle kinders vir kredietwaardige eksamens in te skryf.
5. Toegang tot Impak se ondersteuningsforums op internet.
6. 'n Geldige en kredietwaardige Impak rapport.
7. Die reg om Impak se byeenkomste by te woon teen slegs die koste van eie vervoer. Die program, aanbieders, etes en verblyf word deur Impak gefinansier.

Ouers wat by gelisensieerde hulpsentrums vir steundienste ingeskakel is, gaan 'n kontrak met Impak aan om hulle kind/ers se leerstof jaarliks van Impak aan te koop teen 'n afslag van ongeveer 22% van die normale tarief. Indien van die maandelikse debietorder betaling gebruik gemaak word, moet alle gelde teen 1 Desember betaal wees, wat beteken dat hoe later die inskrywing hoe, korter word die afbetalingstydperk. Addisioneel tot die jaarlikse tarief moet ouers ook voorsiening maak vir ekstra kostes wat praktiese en tegniese vakke mag inhou. Die graad 12's se ouers moet rekening hou daarmee dat die gekwoteerde lysprys (hulpsentrumprys) die eindeksamengelde wat Impak aan die Eksamenraad vir Christelike Onderrig (ERCO) en Umalusi moet betaal, insluit.

14. Pos en posgeld

Hulpsentrums is self verantwoordelik om enige en alle pakkette en posstukke, per afspraak en vir hul eie rekening, by Impak se kantoor af te haal of te laat afhaal.

15. Slotopmerking

Moenie oorhaastig wees om 'n hulpsentrum tot stand te bring nie. Deeglike beplanning en voorbereiding is noodsaaklik vir sukses. Dit is by verre die beste opsie om eers as individuele gesinne by Impak in te skakel, en dan te groei, saam met ander ouers wat tuisonderrig doen, na 'n hulpsentrum opset.

16. Kansellasie

Indien 'n sentrum kanselleer, onttrek of ophou om as sentrum te bestaan, moet alle Impakprodukte of kopieë daarvan onmiddellik aan Impak terug besorg word. Enige gebruik van Impak se produk, in enige formaat, nadat die verhouding tussen die hulpsentrum en Impak beëindig is, is onregmatig. Impak behou die reg voor om die nodige regstappe teen oortreders te neem. Die hulpsentrumeienaar/s is verantwoordelik vir alle uitstaande gefaktureerde gelde.

SY LIG SKYN STEEDS!